**INLIGTING AANGAANDE BOEDELOORGAWE**
**PERSONE SONDER ‘N VASTE EIENDOM**
**MAAR WAT INKOMSTE MAANDELIKS ONTVANG**
**(Met ander woorde geen huis/woonstel/plaas nie)**

*Boedeloorgawe* is 'n proses wat daar gestel is deur die Howe om persone te help wat nie meer in staat is om hulle skuld te betaal nie as gevolg van een of ander rede buite hulle beheer.

’n Boedeloorgawe stel jou ook in staat om weer ’n normale finansiële lewe te voer – waar jy weer ‘n begroting kan uitwerk en volgens dit lewe. Jy het nie meer die vrese van skuldeisers wat jou dag en nag bel op privaat nommers nie en jy kan die foon weer antwoord sonder vrese. Jy hoef ook nie meer ’n vrees te hê vir vreemde karre by jou huis nie – met die gedagte dat dit moontlik die balju is wat weer sy opwagting maak nie....

***<u>Ek gaan kortliks die prosedure aan u hierin verduidelik.</u>***

1. Daar word eerstens 'n publikasie in die Staatskoerant asook in die Citizen geplaas. Hierdie advertensie stop alle geregtelike gedinge teen u, byvoorbeeld die beslaglegging op u meubels en die verkoop van vaste eiendom ens.

2. Daar word 'n dokument naamlik Vermoënstaat deur ons opgestel wat u voor 'n Kommissaris van Ede moet teken. Hierdie dokument word ter insae gelê vir 14 dae by die Meester van die Hooggeregshof en by u plaaslike Landdroshof.

3. Daarna word daar per geregistreerde pos aan al u skuldeisers kennis gegee van u boedeloorgawe. U skuldeisers bel ons dus vir navrae. Ons stuur vir u *ook* so 'n kennisgewing, want van die skuldeisers het geen einde nie en hou net aan skakel – u faks dan net hierdie kennisgewing aan hulle.

4. Ons laat weet verder ook vir SARS van die boedeloorgawe – of u 'n geregistreerde belastingbetaler is of nie.

5. Ons stuur die dag van die Hof verrigtinge 'n Advokaat namens u Hooggeregshof Hof toe met ander woorde u *gaan op* ***geen*** *stadium Hof toe nie*.

6. Na die aansoek deur die Hof toegestaan is – word daar 'n Kurator aangestel wat u finansies verder namens u hanteer. Die Kurator al u skakel en met u 'n konsultasie reël waarin alles mooi aan u verduidelik word. Ons gee vir u tydens die konsultasie 'n afskrif van 'n skrywe wat die Kurator vir u gaan pos sodra hulle die opdrag ontvang – ons verduidelik die Kurator se brief daarin.

7. Die Hof reëls bepaal dat u tussen 20c en 25c in 'n rand voordeel aan u skuldeisers moet betaal – met ander woorde as u bv. FNB R1,00 skuld, moet hulle 20c kry. Indien u totale skuld dus R50 000 is sal u R24 500.00 terug betaal; R100 000 betaal R35 300.00 terug en R200 000.00 betaal R57 000.00 terug en so kan ek aan gaan. By hierdie bedrag is daar dan *reeds vasgestelde kostes by bereken* wat beteken dat u nie op 'n stadium verras gaan word met ekstra Prokureurs kostes en Kurators kostes nie – **alles word reeds bygereken**. Ons sal vir u die formule presies verduidelik tydens 'n konsultasie.

   Die wonderlike deel oor die hele storie is die bedrag wat u terug betaal beloop nie rente nie en u kan reël om hierdie bedrag by die Kurator terug te betaal tussen 12 en 18 maande. Dus as u R50 000 skuld betaal u R1361.00 per maand vir 18 maande – daar kom GEEN verdere rente en kostes by nie.

8. Om hierdie geld te genereer doen ons die volgende in terme van die Hof reëls :

9. Ons stuur vir u 'n lys saam waar die algemene huisraad op verskyn. U merk vir my af wat u besit en omskryf bv. TV – Sansui 54cm ens. Ons stuur hierdie dokument af na die waardeerders toe waarna u besittings waardeer word. Die doel hiervan is omdat u nie 'n vaste eiendom (met ander woorde 'n huis) het nie – doen ons 'n los bate boedeloorgawe. Ek stuur ook vir u dus 'n koopkontrak waarin u u meubels "terug koop". Met ander woorde as u R50 000.00 skuld en u moet R24 500 terug betaal – word u meubels vir R24 500.00 waardeer en is dit die bedrag wat u terug betaal.

**10.** Sodra die aansoek deur die Hof toegestaan is – sal die Kurator u skakel vir verdere reëlings

## 11. WAT GEBEUR MET DIE VOERTUIE?

1. Indien u u voertuig op 'n **huurkoop** gekoop het, word dit deur die Hof reëls bepaal dat die bankinstelling die voertuig kan terug neem. Indien u enige reëlings met die bank wil tref ten aansien van u voertuig, moet u dit doen voor die boedeloorgawe en dit daarna ook met die Kurator opneem. (sekere instansies aanvaar geen reëlings nie)

2. Indien u voertuig op **bruikhuur** (lease) gekoop het, is die voertuig relatief veilig solank u paaiemente op datum gehou word. Die besluit **bly** egter by die bank maar omdat 'n bruikhuur buite die sekwestrasie val – het die banke gewoonlik nie 'n probleem nie, solank die voertuig met versekering stiptelik betaal word.

3. Indien die voertuig reeds op iemand ander se naam geregistreer is en u net die paaiemente betaal – is daar geen gevaar dat u die voertuig sal verloor nie.

**DIE VERSKIL TUSSEN ADMINISTRASIE EN BOEDELOORGAWE:**

| Boedeloorgawe | Skuldberading | Administrasie |
|---|---|---|
| Aansoek word in die Hooggeregshof gebring. Die aansoek kan binne vyf weke op die rol wees. | Aansoek word in die Landdroshof gebring maar kan daar tot 'n jaar gewag word vir hofdatum | Aansoek word in die Landdroshof gebring. Die aansoek is binne 2 maande op die rol. |
| Hof reëls bepaal dat al die skuldeisers ingesluit word en die Hofbevel moet almal aanvaar. | As daar reeds regsstappe geneem is, word daardie skuld uitgesluit. | "Cash loans" se ooreenkomste wat u onderteken het, bepaal dat hulle nie deel vorm van 'n Administrasie nie maw u moet dit nog steeds betaal. |
| Daar is nie 'n maksimum wat u kan skuld nie. | Daar is nie 'n maksimum wat u kan skuld nie. | Die maksimum skuld vir 'n administrasie beloop R50 000.00. |
| Indien u bv R50 000.00 skuld betaal u R18 000.00 terug – geen verdere rente word gevoeg nie. | U betaal die hele bedrag terug plus rente en kostes. Die termyn kan tot 30 jaar wees. | Indien u bv R50 000.00 skuld word daar nog die hele tyd rente en koste gevoeg maw u betaal ongeveer R132 000.00 terug. |
| U mag geen skuld verder maak nie | U mag geen skuld verder maak nie | U mag geen skuld verder maak nie |
| U betaal die gelde direk aan die kurator terug. | Geld word aan 'n "betaal verspreidings agent" betaal en hulle betaal dit oor aan skuldeisers | U werkgewer moet toestem dat die terugbetaling direk van u salaris afgetrek word |
| Indien u 'n vaste eiendom het (huis) sal die Kurator dit moet verkoop om u skuldeisers te betaal. | Indien u 'n vaste eiendom het (huis) sal u dit hou indien die bank u verminderde paaiement aanvaar en nog geen regstappe was nie. | Indien u 'n vaste eiendom het – moet u die paaiemente nog betaal en kan u die eiendom behou. |

**<u>HUWELIK STATUS</u>**

a. Indien u *binne gemeenskap* van goedere getroud is, beteken dit dat albei partye gesekwestreer gaan word;

b. Indien u *buite gemeenskap* van goed getroud is gaan net die persoon sekwestreer.

- ❖ MAAR indien albei finansiële probleme ondervind doen ons twee boedeloorgawes moet doen - die enigste probleem hier is dit is ongelukkig ons kostes x 2.

**<u>VOORDELE VAN 'n BOEDELOORGAWE:</u>**

1. U salaris en ander inkomste **bly u eie** en u betaal geen verdere skuld aan enige krediteur nie. Die Kurator gaan soms ‘n staat van u inkomste en uitgawes verlang.
2. Slegs u skuldeisers word in kennis gestel van die proses, *nie u Werkgewer* of enige iemand anders dra kennis hiervan nie. U kan ook nie u werk verloor as gevolg hiervan nie.
3. U verskyn *nooit* in die Hof nie.
4. Die Kurator kan met die Bankinstelling reël om u voertuig te hou indien u paaiemente op datum is en dit ‘n “BRUIKHUUR” ooreenkoms is (met ander woorde Lease ooreenkoms).
5. U moet asseblief verseker dat u al die krediteure sal lys en die se inligting verskaf ten einde te verhoed dat ‘n ongewensde insident u verras.

**Die belangrikste: VRYHEID – u en u gesin kan 'n *nuwe begin maak* skuld vry. U hoef dus nie meer te skrik vir die selfoon se onbekende nommers nie**

**<u>NADELE VAN 'n BOEDELOORGAWE:</u>**

1. U sal insolvent wees vir die volgende 2 tot 4 jaar. Vir die tydperk wat u insolvent is, is u nie kredietwaardig nie. U kan egter toestemming vanaf u kurator verkry indien daar omstandighede is waaronder u krediet moet verkry – byvoorbeeld die aankoop van 'n voertuig – maar sal dit vanaf die vierde maande gegee kan word en word daar gewoonlik van die Bank instansie ‘n borg ook verlang.
2. U mag nie 'n tjekrekening en kredietkaarte gebruik nie. U mag dus in hierdie tyd GEEN skuld maak nie.
3. *Daar is ‘n 1% kans dat die Kurators van wie ons steun vra nie u aansoek hanteer en hulle nie die 18 maande ooreenkoms aanvaar nie. Let wel: Ons het nog geen probleme ondervind en kon sover nog elke keer met ander kurators onderhandel.*

**ONS KOSTES:**

1. Ons kostes beloop R 5800.

**Die bank besonderhede is soos volg:**
**Loanro Insolvensies**
**FNB**
**rekening nommer: 62344095874**
**Tjek rekening**
**Takkode 250655**
*bewys van betaling kan per epos of faks gestuur word.

Al die punte hierbo uiteengesit is die **harde feite, geen skrikmaak of verskuilde praatjies** nie. Tyd is 'n baie groot faktor, veral as die Balju reeds u op die naam groet - so ons moet die bal so gou moontlik aan die rol is.

Ons kan ook op u versoek u van verwysings voorsien van persone wie ek reeds gesekwestreer het.
Laastens verseker ons u dat ons deurentyd eerlik sal wees in ons advies aan u en dat u situasie met diskresie en konsiderasie hanteer sal word.

Groete

Tanya du Plessis
Loanro Insolvensies
Tel 012 5462513 / 0713478216
Faks 086 762 5928
marketing@loanro.co.za

**INLIGTING AANGAANDE *BOEDELOORGAWE***

**PERSONE MET 'N HUIS VERBAND**

Boedeloorgawe is 'n proses wat gestel is deur die Howe om persone te help wat nie meer in staat is om hulle skuld te betaal nie as gevolg van een of ander rede buite hulle beheer.

'n Boedeloorgawe stel jou ook in staat om weer 'n normale finansiële lewe te voer – waar jy weer 'n begroting kan uitwerk en volgens dit lewe.  Jy het nie meer die vrese van skuldeisers wat jou dag en nag bel op privaat nommers nie en jy hoef ook nie meer 'n vrees te hê vir vreemde karre by jou huis – met die gedagte dat dit moontlik die balju is wat weer sy opwagting maak nie....

***<u>Ek gaan kortliks die prosedure aan u hierin verduidelik.</u>***

12. Daar word eerstens 'n publikasie in die Staatskoerant asook in die Citizen geplaas.  Hierdie advertensie stop alle geregtelike gedinge teen u, byvoorbeeld die beslaglegging op u meubels en die verkoop van vaste eiendom ens.

13. Daar word 'n dokument naamlik Vermoënstaat deur ons opgestel wat u voor 'n Kommissaris van Ede moet teken.  Hierdie dokument word ter insae gelê vir 14 dae by die Meester van die Hooggeregshof en by u plaaslike Landdroshof.

14. Daarna word daar per geregistreerde pos aan al u skuldeisers kennis gegee van u boedeloorgawe. U skuldeisers bel ons dus vir navrae. Ons stuur vir u *ook* so 'n kennisgewing,  want van die skuldeisers het geen einde nie en hou net aan skakel – u faks dan net hierdie kennisgewing aan hulle.

15. Ons laat weet verder ook vir SARS van die boedeloorgawe – of u 'n geregistreerde belastingbetaler is of nie.

16. Ons stuur die dag van die Hof verrigtinge 'n Advokaat namens u Hooggeregshof Hof toe met ander woorde u *gaan op* ***geen*** *stadium Hof toe nie*.

17. Na die aansoek deur die Hof toegestaan is – word daar 'n Kurator aangestel wat u finansies verder namens u hanteer.Die Kurator sal u skakel en met u 'n konsultasie reël waarin alles mooi aan u verduidelik word.Ons gee vir u tydens die konsultasie ‘n afskrif van ‘n skrywe wat die Kurator vir u gaan pos sodra hulle die opdrag ontvang – ons verduidelik die Kurator se brief daarin.

**VASTE EIENDOM (indien u 'n VERBAND het)**

2. Indien u eiendom reeds vir 'n veiling geskeduleer is, is dit *baie belangrik* dat u die proses so spoedig moontlik aan die gang sit. Sodra die boedeloorgawe in die Staatskoerant gepubliseer word, word alle geregtelike stappe gestaak.

3. ‘n Waardasie word gedoen op die eiendom. Ek sal vir u ‘n waardasie dokument voorsien en op grond daarvan doen ‘n geswore waardeerder ‘n waardasie op die eiendom. Verbeterings wat u aangebring het word alles op die waardasie volledig uiteengesit.

4. Die Kurator wat deur die Meester van die Hooggeregshof aangestel is, probeer eers die eiendom uit die hand bemark, met ander woorde hulle gee agente opdrag om die eiendom te verkoop. Die agente sal u skakel en afsprake maak soos met 'n gewone koop en verkoop van ‘n eiendom. Die agente wat hulle gebruik is baie professioneel en sal u altyd in ag neem.

5. U sal nog vir ten minste drie/vier maande in die huis kan aanbly. Sodra die Kurator aangestel is, sal sy/hy met u verdere reëlings tref

6. Die Kurator sal vir u ten minste 30 dae kennis gee om die eiendom te ontruim. Dit sal nie raadsaam wees om voor die tyd uit te trek nie. 'n Eiendom verkoop baie makliker as daar mense nog inwoon. U kyk ook ter selfde tyd na die eiendom sodat plunderaars nie die helfte van die huis wegdra nie – anders moet die Kurator wagte daar plaas, welke onnodige uitgawes vir die insolvente boedel is.

7. Indien die eiendom verkoop word vir minder as die uitstaande verband, dan sal u NIE aanspreeklik gehou word vir die verskil nie. Dit gebeur ongelukkig deesdae baie dat die huis se verband bv R1miljoen is en die eiendom verkoop word vir R800 000.00. Die R200 000.00 word afgeskryf en nie een van die ander skuldeisers ontvang enige geld nie. Hulle kan u ook nie aanspreeklik hou vir enige betalings nie, want u is gesekwestreer.

8. Die ander positiewe ding van die huis is – u word glad nie meer bemoei met die koper se doen en late nie. Met ander woorde dit is nie meer vir u belangrik of die koper ‘n lening kry of nie – of die koper waarborge gelewer het of nie..... Die transaksie word alles deur die Kurator behartig.

DIS BELANGRIK OM TE WEET DAT INDIEN U ‘N EIENDOM, ROEREND OF ONROEREND HET – DAAR NIE ‘N BOEDELOORGAWE GEDOEN KAN WORD EN DIE EIENDOM UITGELAAT WORD NIE. DIE EIENDOM IS ‘N BOEDEL BATE EN **MOET** ONS ONGELUKKIG DAARMEE HANDEL. Daar is ongelukkig advertensies wat in die koerante gepubliseer word, dat jy jou huis kan hou maar na drie maande besef hulle kliënte met ‘n skok dat hulle die eiendom moet verlaat....

**WAT GEBEUR MET DIE VOERTUIE?**

2. Indien u u voertuig op ‘n **huurkoop** gekoop het, word dit deur die Hof reëls bepaal dat die bankinstelling die voertuig kan terug neem. Indien u enige reëlings met die bank wil tref ten aansien van u voertuig, moet u dit doen voor die boedeloorgawe en dit daarna ook met die Kurator opneem. (Nedbank aanvaar geen reëlings nie)

2. Indien u voertuig op **bruikhuur** (lease) gekoop het, is die voertuig relatief veilig solank u paaiemente op datum gehou word. Die besluit **bly** egter by die bank maar omdat ‘n bruikhuur buite die sekwestrasie val – het die banke gewoonlik nie ‘n probleem nie, solank die voertuig met versekering stiptelik betaal word.

3. Indien die voertuig reeds op iemand ander se naam geregistreer is en u net die paaiemente betaal – is daar geen gevaar dat u die voertuig sal verloor nie.

## DIE VERSKIL TUSSEN ADMINISTRASIE EN BOEDELOORGAWE:

| Boedeloorgawe | Skuldberading | Administrasie |
|---|---|---|
| Aansoek word in die Hooggeregshof gebring. Die aansoek kan binne vyf weke op die rol wees. | Aansoek word in die Landdroshof gebring maar kan daar tot 'n jaar gewag word vir hofdatum | Aansoek word in die Landdroshof gebring. Die aansoek is binne 2 maande op die rol. |
| Hof reëls bepaal dat al die skuldeisers ingesluit word en die Hofbevel moet almal aanvaar. | As daar reeds regsstappe geneem is, word daardie skuld uitgesluit. | "Cash loans" se ooreenkomste wat u onderteken het, bepaal dat hulle nie deel vorm van 'n Administrasie nie maw u moet dit nog steeds betaal. |
| Daar is nie 'n maksimum wat u kan skuld nie. | Daar is nie 'n maksimum wat u kan skuld nie. | Die maksimum skuld vir 'n administrasie beloop<br>R50 000.00. |
| Indien u bv R50 000.00 skuld betaal u R18 000.00 terug – geen verdere rente word gevoeg nie. | U betaal die hele bedrag terug plus rente en kostes. Die termyn kan tot 30 jaar wees. | Indien u bv R50 000.00 skuld word daar nog die hele tyd rente en koste gevoeg maw u betaal ongeveer R132 000.00 terug. |
| U mag geen skuld verder maak nie | U mag geen skuld verder maak nie | U mag geen skuld verder maak nie |
| U betaal die gelde direk aan die kurator terug. | Geld word aan 'n "betaal verspreidings agent" betaal en hulle betaal dit oor aan skuldeisers | U werkgewer moet toestem dat die terugbetaling direk van u salaris afgetrek word |
| Indien u 'n vaste eiendom het (huis) sal die Kurator dit moet verkoop om u skuldeisers te betaal. | Indien u 'n vaste eiendom het (huis) sal u dit hou indien die bank u verminderde paaiement aanvaar en daar nog geen regstappe was nie. | Indien u 'n vaste eiendom het – moet u die paaiemente nog betaal en kan u die eiendom behou. |

## HUWELIK STATUS

a. Indien u *binne gemeenskap* van goedere getroud is, beteken dit dat albei partye gesekwestreer gaan word;

b. Indien u *buite gemeenskap* van goed getroud is en die eiendom net op **een** party se naam is, gaan net die persoon sekwestreer.

c. Indien u *buite gemeenskap* van goedere getroud is en die eiendom is op u en u eggenoot se name

- ❖ kyk ons of albei partye finansiële probleme ondervind. Indien net die een persoon sukkel, kan die ander party 'n verklaring maak (wat ek opstel) waarin hy/sy sê dat hy/sy afstand doen van die ½ aandeel. Die verklaring sê dat hy/sy weet hulle gaan geen wins uit die eiendom ontvang nie maar wil ook nie belas word met enige skuld nie. Alhoewel die ander party nie kwytgeskel sal word vir hul aandeel in die skuld nie.

- ❖ as albei finansiële probleme ondervind doen ons twee boedeloorgawes. Ons gebruik dan die ½ aandeel om voordeel vir skuldeisers te bewys op elke boedel. Die enigste probleem hier is dit is ongelukkig ons kostes x 2.

## VOORDELE VAN 'n BOEDELOORGAWE:

5. U salaris en ander inkomste **bly u eie** en u betaal geen verdere skuld aan enige krediteur nie. Die Kurator gaan soms ‘n staat van u inkomste en uitgawes verlang.
6. Slegs u skuldeisers word in kennis gestel van die proses, *nie u Werkgewer* of enige iemand anders dra kennis hiervan nie. U kan ook nie u werk verloor as gevolg hiervan nie.
7. U verskyn *nooit* in die Hof nie.
8. Die Kurator kan met die Bankinstelling reël om u voertuig te hou indien u paaiemente op datum is en dit ‘n “BRUIKHUUR” ooreenkoms is (met ander woorde Lease ooreenkoms).

**Die belangrikste: VRYHEID – u en u gesin kan 'n *nuwe begin maak* skuld vry. U hoef dus nie meer te skrik vir die selfoon se onbekende nommers nie**

## NADELE VAN 'n BOEDELOORGAWE:

4. U sal insolvent wees vir die volgende 2 tot 4 jaar. Vir die tydperk wat u insolvent is, is u nie kredietwaardig nie. U kan egter toestemming vanaf u kurator verkry indien daar omstandighede is waaronder u krediet moet verkry – byvoorbeeld die aankoop van 'n voertuig – maar sal dit vanaf die vierde maande gegee kan word en word daar gewoonlik van die Bank instansie ‘n borg ook verlang.
5. U mag nie 'n tjekrekening en kredietkaarte gebruik nie. U mag dus in hierdie tyd GEEN skuld maak nie.
6. *Daar is ‘n 1% kans dat die Kurators van wie ons steun vra nie u aansoek hanteer en hulle nie die 18 maande ooreenkoms aanvaar nie. Let wel: Ons het nog geen probleme ondervind en kon sover nog elke keer met ander kurators onderhandel.*

**<u>ONS KOSTES:</u>**

2. Ons kostes beloop R 5800.

   **Die bank besonderhede is soos volg:**

   **Loanro Insolvensies**

   **FNB**

   **rekening nommer: 62344095874**

   **Tjek rekening**

   **Takkode 250655**

   *bewys van betaling kan per epos of faks gestuur word.

3. Volle betaling van R5800 word verlang voor ons met u aansoek kan begin. U kan dus in 2 paaimente betaal en sal met eerste paaiment (R 2900) u brief aan die krediteure ontvang, wat hulle in kennis stel van u vrywillige boedeloorgawe en regs aksie teen u keer.

Al die punte hierbo uiteengesit is die **harde feite, geen skrikmaak of verskuilde praatjies** nie. Tyd is 'n baie groot faktor, veral as die Balju reeds u op die naam groet - so ons moet die bal so gou moontlik aan die rol is.

Ons kan ook op u versoek u van verwysings voorsien van persone wie ek reeds gesekwestreer het.
Laastens verseker ons u dat ons deurentyd eerlik sal wees in ons advies aan u en dat u situasie met diskresie en konsiderasie hanteer sal word.

Groete

Tanya du Plessis
Loanro Insolvensies
Tel 012 5462513 / 0713478216
Faks 086 762 5928
marketing@loanro.co.za